education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2007

**AFRIKAANS TWEEDE / ADDISIONELE TAAL V3**

**HOËR GRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2007**

**102-1/3**

AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL HG: Vraestel 3

102 1 3 HG

X05

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye, wat die bylae insluit.**

Kopiereg voorbehou

GAUTENG

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Maak seker dat jou eksamennommer op die antwoordboek reg is.
3. Beantwoord EEN vraag uit elkeen van die afdelings A, B en C.
4. Skryf duidelik en leesbaar.
5. Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies bo-aan.
6. Gee spesiale aandag aan spelling, taal en sinskonstruksie.
7. Ons beveel aan dat jy jou werk deurlees voordat jy dit inlewer.
8. Dui die aantal woorde aan die einde van elkeen van jou skryfstukke aan.
9. Doen VRAAG 3.2 op BYLAAG A.
10. Doen VRAAG 3.3 op BYLAAG B.

## AFDELING A: LANGER SKRYFSTUKKE

### VRAAG 1

Skryf 'n opstel van ongeveer 250 - 300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe:

1.1 VERHALENDE OPSTEL

**'n Onaangename gebeurtenis by 'n sportbyeenkoms.**

Jy het onlangs 'n sportbyeenkoms bygewoon. Ongelukkig het daar iets gebeur wat die hele byeenkoms vir jou sleg gemaak het. Vertel wat die slegte gebeurtenis was.

Hou die volgende in gedagte:

- Watter byeenkoms was dit en waar het dit plaasgevind?
- Hoe goed en aangenaam was dit by die sportbyeenkoms voordat die moeilikheid begin het?
- Watter slegte ding het gebeur?
- Wat was die gevolge van hierdie slegte ding?
- Hoe het jy oor die slegte gebeurtenis gevoel?

**OF**

## 1.2 BESKRYWENDE OPSTEL

**Dit was een van die grootste brande!**



[Uit: *Die Burger* 13/10/2005]

Daar het onlangs 'n vreeslike groot brand in jou omgewing plaasgevind. Baie huise en kantoorgeboue het afgebrand. Beskryf die brand en die gevolge daarvan volledig.


Hou die volgende in gedagte:

- Beskryf die plek wat gebrand het en sê hoe die brand ontstaan het.
- Beskryf die brandtoneel - dit wat gebrand het, die vlamme, die brandweermanne, die omstanders en hulle emosies.
- Beskryf wat jy gehoor, geruik, gesien en gevoel het terwyl jy na die brand kyk.
- Beskryf die skade wat die brand aangerig het.
- Beskryf die hartseer wat die brand veroorsaak het.

**OF**

## 1.3 ARGUMENTERENDE OPSTEL

**Is Suid-Afrika 'n land waar wette nie veel beteken nie?**




[Uit: *Human and Social Sciences*; W. Hall, T Holomisa, P. Sekele]

Aartsbiskop Desmond Tutu sê dat hy bekommerd is oor die wetteloosheid in Suid-Afrika.

- Kyk na die prentjie. Stem jy saam met aartsbiskop Tutu en die mense of dink jy dat dit goed gaan in ons land? Gee jou eie mening oor die onderwerp.

Hou die volgende in gedagte:

- Sê of jy met aartsbiskop Tutu se stelling saamstem of nie.
- Verskaf redes en voorbeelde waarom jy met hom saamstem of nie.
- Dink aan die verskillende soorte misdade wat gepleeg word.
- Sê ook hoe die probleem opgelos kan word.

**OF**

1.4 BESPIEGELENDE OPSTEL

**Ouers en kinders.**



[Uit: *Umthombo*, Msutu e.a.]

Jy wonder dikwels oor ouers en kinders en wonder waarom daar goeie en slegte ouers is; waarom party mense nie kinders wil hê nie en dan juis kinders kry; waarom ander wat so graag kinders wil hê, nie kinders het nie. Jy dink terug aan jou kinderjare en jou ouers en jy wonder watter soort ouer jy sal wees.

Skryf jou gedagtes oor ouers en kinders neer.

Hou die volgende in gedagte:

- Waarom is party ouers so goed vir hulle kinders en behandel ander ouers hulle kinders so sleg?
- Waarom dink jy wil party ouers nie kinders hê nie?
- Hoe dink jy voel party mense wat nie kinders het nie?
- Watter rol speel ouers in die lewe van hulle kinders?
- Wil jy kinders hê?
- Wil jy soos jou ma en/of pa wees?

**OF**

1.5 VERTOLKENDE OPSTEL

Kies EEN van die volgende prente en skryf daaroor. Gee 'n titel vir jou skryfstuk.

In die skryfstuk kan jy vertel of beskryf wat in die prent gebeur of jy kan sê hoe jy daaroor voel, of jou mening oor die prent gee en dit motiveer.

1.5.1



[Uit: *Afrikaans sonder grense*]

1.5.2



*[Uit: HIV/AIDS Credit 2 DoE Document]*

1.5.3



[Uit: Tweedetaaltoetsing Askes]

**TOTAAL AFDELING A: 40**


## AFDELING B: KORTER SKRYFSTUKKE

### VRAAG 2

- Doen net EEN vraag in hierdie afdeling.
- Elke vraag in hierdie afdeling tel 20 punte.
- Die inhoud van die vraag moet 120 - 150 woorde lank wees.

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

**Dwelms.**



[Uit: *Human and Social Sciences* , W. Hall, T Holomisa, P. Sekele]

Jy het 'n probleem. Baie van jou vriende gebruik dwelms en hulle wil hê jy moet dit ook gebruik. Jy wil dit nie graag doen nie.

Skryf 'n brief aan 'n vriend/in wat jy vertrou en vra hom of haar raad oor hoe om hierdie probleem te hanteer en op te los.


Hou die volgende in gedagte:

- Waarom het jy raad nodig?
- Hoe probeer jou vriende jou forseer om ook dwelms te gebruik?
- Watter dwelms gebruik hulle?
- Waarom wil jy nie jou vriende verloor nie?
- Hoe voel jy oor die gebruik van dwelmmiddels?

**OF**

2.2 TOESPRAAK

**'n Suksesvolle skoolloopbaan.**



[Uit: *Human and Social Sciences*, W. Hall, T Holomisa, P. Sekele]

Jy het graad 12 met twee onderskeidings geslaag. Jy is daarom deur jou ou skool genooi om die graad 12-leerders te kom toespreek oor hoe belangrik dit is om jou skoolloopbaan te voltooi, hard te werk en goed te slaag.

Skryf die toespraak neer.

Hou die volgende in gedagte:

- Noem die voordele van 'n suksesvolle skoolloopbaan.
- Noem die belangrikheid van die regte keuse: leertyd teenoor partytjietyd.
- Vertel hoe moeilik dit is om werk te kry sonder 'n matrieksertifikaat.
- Moedig die leerders aan om hard te werk en positief te wees.

**OF**

2.3 VERSLAG

**Straatkinders.**

Julle is 'n groep mense wat betrokke geraak het by die straatkinders in een deel van julle dorp/ stad. Die burgemeester het gevra dat julle 'n verslag oor julle werk onder die straatkinders moet skryf.

Skryf nou 'n verslag en dink aan die volgende:

- Hoeveel straatkinders het julle gehelp en in watter ouderdomsgroep val hulle?
- In watter deel van die dorp of stad "bly" hulle?
- Hoe het julle gehelp?
- Watter sukses is behaal?
- Hoe gaan julle verder help?

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C ANDER KORTER SKRYFSTUKKE

### VRAAG 3

- Doen net EEN vraag in hierdie afdeling.
- Elke vraag in hierdie afdeling tel 20 punte.
- Die inhoud van die vraag moet 120 - 150 woorde lank wees.

3.1 NOTULE

Jy is die sekretaris van julle sosiale klub. Die klub het geld nodig om glase, borde, bekers en 'n voorraad eet- en drinkgoed aan te koop. Die komitee het vergader om maniere te beplan om geld in te samel om die nodige voorraad aan te koop.

Gebruik die onderstaande agenda en skryf die notule van die vergadering.

**AGENDA**

vir die vergadering van Die Sosiale klub, Vrydag, 30 Maart 2007, in die klubsaal om 19:00

1. Verwelkoming
2. Verskonings
3. Bywoningsregister
4. Besprekingspunte
   4.1 Fondsinsamelingsprojekte
   4.2 Persone verantwoordelik vir die aankoop van voorraad
5. Datum van die volgende vergadering.
6. Afsluiting

Gebruik die opskrifte van die agenda en skryf die notule van die vergadering.

Hou die volgende in gedagte:

- Die agenda moet as riglyn vir die notule gebruik word.
- Maak seker dat jou inligting duidelik en objektief weergegee word.

**OF**

3.2. FAKS

Jy is die persoonlike assistent van die hoofbestuurder van die bank en moet al die kandidate op die kortlys in kennis stel dat hulle moet kom vir onderhoude. Jy moet ook vir hulle volle besonderhede gee oor wanneer die onderhoud sal wees, waar dit sal plaasvind, wat hulle moet saambring en wat die reis- en verblyfreëlings is.

Gebruik die faksvorm op BYLAAG A.

**OF**

3.3. PLAKKAAT EN E-POS

| **LET WEL: Beantwoord 3.3.1 EN 3.3.2** |
|---|

Jy en jou vriende het onlangs 'n musiekgroep of 'n dansgroep gestig. Julle het hard geoefen vir 'n konsert en wil dit graag aan die gemeenskap wys. Julle wil graag ook 'n bietjie geld verdien. Julle het toestemming gekry om in die gemeenskapsaal op te tree.

3.3.1 PLAKKAAT

Maak jou eie plakkaat (ongeveer 20 woorde) waarin jy julle optrede adverteer.

Hou die volgende in gedagte:

- Datum, tyd en plek van optrede.
- Toegangsgeld.
- Kleredrag.
- Eet- en drinkgoed wat te koop sal wees.
- Ouderdomsbeperking.
- Tipe musiek of danse wat julle wil doen.
- Julle moet julleself adverteer! (5)

EN

3.3.2 E-POS

Skryf 'n e-posboodskap aan jou vriend in Engeland waarin jy vertel van jou nuwe musiek- of dansgroep en die konsert wat so goed afgeloop het.

Hou die volgende in gedagte:

- Noem die redes waarom julle die musiek-dansgroep gestig het.
- Vertel hoe hard julle geoefen het.
- Vertel waarom julle dit aan die gemeenskap wou wys.
- Vertel wat by die konsert gebeur het. (15)

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**TOTAAL VAN VRAESTEL: 80**

## BYLAAG A

**EKSAMENNOMMER:**

**SENTRUMNOMMER:**

3.2 FAKSVORM

| | | |
|---|---|---|
| Naam van ontvanger: | | (1) |
| Faksnommer: | | (1) |
| Naam van sender: | | (1) |
| Datum: | | (1) |
| Onderwerp: | | (1) |

BOODSKAP:

Datum en tyd van die onderhoud. (ongeveer 10 woorde)

Waar is die onderhoud? (ongeveer 10 woorde)

Vir watter pos is die onderhoud en watter soort werk gaan die kandidaat doen? (ongeveer 30 woorde)

**EKSAMENNOMMER:**

Wat is die vervoerreëlings? (ongeveer 30 woorde)

Wat is die verblyfreëlings? (ongeveer 20 woorde)

Inligting oor wat die kandidate moet saambring. (ongeveer 30 woorde)

(15)

**[20]**

**BYLAAG B**

**EKSAMENNOMMER:**

**SENTRUMNOMMER:**

3.3.1 PLAKKAAT

10÷2 (5)

**EKSAMENNOMMER:**

3.3.2 E-POS

| | |
|---|---|
| Aan: | |
| Van: | |
| Onderwerp: | |

Boodskap:

(15)

**[20]**

*Kopiereg voorbehou*